# HOOFSTUK 3

## DIE ROL VAN ONAFHANKLIKE PARTYE IN DIE BEKAMPING VAN OORBEVOLKING

### 3.1 Inleiding

Korrektiewe Dienste het wegbeweeg van die geslote entiteit wat dit vroeër was en daarom is insette van partye wat onafhanklik staan teenoor Korrektiewe Dienste baie waardevol. Dit is so dat ’n organisasie kan “blind” wees vir sy eie tekortkominge aangesien dit daaglikse praktyk word. Kritiek en veral opbouende kritiek kan tot groot voordeel wees vir enige organisasie aangesien dit probleemarea’s identifiseer en pro-aktiewe optrede tot voordeel van so ’n organisasie kan wees.

In hierdie hoofstuk word gekyk na drie onafhanklike partye wat direk en indirek bydra tot korreksies binne Suid-Afrikaanse gevangenisse. Hierdie drie partye is die Inspekterende Regter van Gevangenisse, Besigheid teen misdaad en statistiek Suid-Afrika. Daar gaan veral gefokus word op die invloed wat hierdie partye het op die bekamping van oorbevolking in gevangenisse en die uitwerking daarvan op rehabilitasie van oortreders.

### 3.2 Die rol van die Inspekterende Regter van Gevangenisse

Korrektiewe Dienste is in ’n posisie om akkurate statistiek by te hou aangesien werklike getalle ter sprake is. Daar kan gesê word dat 187 903 gevangenes op 30 April 2004 in aanhouding was, dat die goedgekeurde akkommodasie 114 787 was en die persentasiebesetting 163,70%. Dit is egter nie moontlik om na ’n sensusopname presies te sê hoeveel mense in Suid-Afrika is nie aangesien daar geen waarborge is dat elke persoon “getel” is nie. Die vraag is nou, wat maak Korrektiewe Dienste met hierdie akkurate statistiek? ’n Ander vraag wat kan ontstaan is, watter versekering is daar dat Korrektiewe Dienste nie die syfers aanpas om ’n beter prentjie van homself te skets nie? Dit is waar ’n buitestaander meer geloofwaardig sal wees aangesien

akkurate syfers verwerk word om die suksesse of negatiewe aspekte van Korrektiewe Dienste uit te lig.

Dit is dan een van die belangrikste redes waarom die President ’n Regter van die Hooggeregshof kan aanstel om in samewerking met sy ondergeskikte personeel gevangenisse te besoek, klagtes van gevangenes (en lede) aan te hoor, statistiek te versamel, dit te verwerk en dan sekere aanbevelings te maak aan die Minister van Korrektiewe Dienste en die President. Op hierdie wyse kan Korrektiewe Dienste, ander rolspelers in die regsplegingstelsel en die publiek (wat betaal vir die aanhouding van gevangenes) ingelig bly oor die jongste verwikkelinge binne hierdie Departement.

### 3.2.1 Mandaat van die Inspekterende Regter

Die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 8 van 1959) is gewysig om voorsiening te maak vir ’n Regterlike Inspektoraat. Die aanstelling van ’n Inspekterende Regter en Onafhanklike gevangenisbesoekers (OGB’s) is op 20 Februarie 1997 geproklameer in die Korrektiewe Dienste Wysigingswetsontwerp, Wet 102 van 1997. Hierdie wetgewing is verder gewysig op 19 Februarie 1999 met die proklamasie van artikels 85 tot 94 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998).

Die Regterlike Inspektoraat van gevangenisse is ’n onafhanklike kantoor onder beheer van die Inspekterende Regter, a 85(1). Die oogmerke van die Regterlike Inspektoraat is om die inspeksie van gevangenisse te fasiliteer sodat die Inspekterende Regter verslag kan doen oor die behandeling van gevangenes in gevangenisse en oor toestande en enige korrupte of oneerlike praktyke in gevangenisse, a 85(2). Die Inspekterende Regter moet ’n regter van die Hooggeregshof wees en deur die President aangestel word, a 86.

Die Regterlike Inspektoraat is formeel gestig op 1 Junie 1998, in terme van artikel 25 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 8 van 1959), soos gewysig deur Wet 102 van 1997. Die eerste Inspekterende Regter, Regter J.J. Trengove is deur die President aangestel, ook met ingang van 1 Junie 1998 (DKD-Intranet). Die tweede

en huidige Inspekterende Regter, Regter J.J. Fagan is op 1 April 2000 deur President Mbeki aangestel nadat Regter Trengove afgetree het.



FIGUUR 19: Johannes Jacobus (Hannes) Fagan*.

Regter Fagan is op 5 Augustus 1927 gebore. Sy kwalifikasies is soos volg: BALLB (Kaapstad) en BCL (Oxon). Regter Fagan se loopbaan sluit ondermeer die volgende in (DKD-Intranet): “Practised as advocate since 1952. Involved in various legal, community and cultural organizations. Appointed judge of the Cape Provincial Division in 1977. Attended conferences on human rights in South Africa, United States of America and Great Britain. Appointed deputy judge president of the Cape High Court in 1992. Retired but remained in acting capacity until 1999. Appointed as Inspecting Judge of Prisons on the 1 April 2000.”

### 3.2.2 **Personeelsterkte**

Artikel 89 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) reël die aanstelling van personeel van die Regterlike Inspektoraat. Die personeelsterkte word deur die Inspekterende Regter, in oorleg met die Kommissaris van Korrektiewe Dienste bepaal, a 89(1). Die Inspekterende Regter moet binne hierdie personeel-sterkte inspekteurs, administratiewe personeel en ’n sekretaris aanstel, a 89(2).

* - Foto geneem uit jaarverslag van die Inspekterende Regter (2000).


Hierdie personeel word geag as korrektiewe beamptes, gesekondeer na die Regterlike Inspektoraat, maar is onder die Inspekterende Regter se beheer en gesag, a 89(3). Die salaris en diensvoorwaardes van hierdie werknemers moet vasgestel word deur die Inspekterende Regter ooreenkomstig die Staatsdienswet en na oorleg met die Direkteur-generaal van die Departement van Staatsdiens en Administrasie, a 89(4).

Regter Trengove het in sy 1999/2000 verslag gesê dat dit belangrik is dat die Regterlike Inspektoraat as ’n onafhanklike statutêre liggaam sal funksioneer en nie as ’n verlengstuk van Korrektiewe Dienste gesien moet word nie. Alle gevangenis-inspekteurs moet dus aanstellings van buite Korrektiewe Dienste wees.

Die Regterlike Inspektoraat is in vier eenhede verdeel, nl.

- die onafhanklike gevangenisbesoekers-eenheid,
- die Regsdienste-eenheid,
- die inspekteurs-eenheid en
- die administratiewe en ondersteunings-eenheid.

Die organigram van die Regterlike Inspektoraat, soos dit op 31 Maart 2004 daaruit gesien het, word in figuur 20 aangetoon:





FIGUUR 20: Organigram : Regterlike Inspektoraat.

Die goedgekeurde postebepaling van die Regterlike Inspektoraat word in tabel 15 aangetoon (2003 jaarverslag van die Inspekterende Regter):

| **Posvlak** | **Aantal Poste** | **Salarisvlak** |
|---|---|---|
| Direkteur | 1 | 13 |
| Adjunk Direkteur | 3 | 11 |
| Assistent Direkteur | 5 | 9 |
| Inspekteurs | 10 | 8 |
| Admin. Ondersteunings Personeel | 28 | 7 en laer |


TABEL 15: Goedgekeurde postebepaling van die Regterlike Inspektoraat.

Bo en behalwe bogenoemde 47 poste is daar ook 233 onafhanklike gevangenisbesoekers op ’n kontrakbasis in diens van die Regterlike Inspektoraat.
Figuur 21 toon die totale uitgawe van die Regterlike Inspektoraat vir die 2003/2004 finansiële jaar (Inspekterende Regter se jaarverslag vir 2003/2004):




FIGUUR 21: Totale uitgawes : 2003/2004 finansiële jaar.

Volgens artikel 91 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) is die Departement Korrektiewe Dienste verantwoordelik vir al die uitgawes van die Regterlike Inspektoraat. In figuur 22 word die styging in uitgawes vanaf 1999 tot 2003 aangetoon.




FIGUUR 22: Totale jaarlikse uitgawes van die Regterlike Inspektoraat (1999 – 2003)

Die Inspekterende Regter, sy direkte personeel sowel as die 233 onafhanklike gevangenisbesoekers doen jaarliks uitstekende werk en sorg dat gevangenes, so ver moontlik, menswaardig behandel word, klagtes afgehandel word en voorstelle gemaak word vir moontlike oplossings vir probleme binne Korrektiewe Dienste. Regter Fagan doen jaarliks verslag aan die Minister, spreek ander instansies soos die Portfolio-komitee en die Nasionale Raad vir Korrektiewe Dienste toe en maak voorstelle om veral dringende aspekte soos oorbevolking te verlig. Regter Fagan gee ook verslag aan die media (koerante en TV) om sodoende ook die publiek in te lig oor die stand van sake binne Korrektiewe Dienste. Dit is net jammer dat daar so min gedoen word aan die werkbare voorstelle wat deur die Regter gemaak word. Veral

by die oorbevolking van ongevonniste afdelings is goeie werkbare voorstelle gemaak, maar die uitvoering/implementering daarvan kom selde tot sy reg. Verskeie van hierdie voorstelle word in die hoofstuk 12 van hierdie ondersoek as aanbevelings gelys ten einde implementering daarvan te bepleit.

### 3.2.3 **Onafhanklike gevangenisbesoekers**

Die aanstelling en werksaamhede van die onafhanklike gevangenisbesoekers (OGB) word gereël deur artikel 92 tot 94 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998). Die OGB's monitor die wyse waarop gevangenes se klagtes hanteer word en hanteer ook self klagtes van gevangenes deur middel van:

- gereelde besoeke aan gevangenisse,
- voer privaat onderhoude met gevangenes,
- teken klagtes in 'n amptelike dagboek aan en monitor die wyse waarop dit afgehandel word deur Korrektiewe Dienste en
- voer gesprek met Hoofde van gevangenisse om klagtes intern en so spoedig moontlik af te handel.

Die Inspekterende Regter mag ook 'n Besoekerskomitee vir 'n bepaalde area saamstel om onopgeloste klagtes af te handel en die wat hulle nie kan afhandel nie, na die Inspekterende Regter verwys, 'n rooster vir besoeke uitwerk, die gemeenskapbetrokkenheid ten opsigte van korrektiewe aangeleenthede bevorder en behoorlik notule hou van elke vergadering. Besoekerskomitee's moet ook ten minste kwartaalliks vergader (DKD-Intranet).

Die OGB vorm 'n belangrike skakel tussen gevangenes, Hoofde van gevangenisse en die Regterlike Inspektoraat. Elke OGB word blootgestel aan 'n verpligte 3 daagse opleidingsessie waar die magte, funksies en take van OGB's aangeleer word. Die wet en regulasies wat die gevangenisse reguleer asook die regte van gevangenes word tydens hierdie sessies hanteer.

Gedurende 2003 het 233 OGB's by 241 gevangenisse in Suid-Afrika gewerk. Daar is altesaam 8 595 besoeke gebring en tydens hierdie besoeke is 14 645 ure binne gevangenisse spandeer. Hierdie 233 OBG's het 491 599 onderhoude met

gevangenes gevoer (gemiddeld 175 onderhoude per OGB per maand). Hulle het ook 155 721 klagtes van gevangenes ontvang (Inspekterende Regter se jaarverslag vir 2003).


Alle besoeke aan gevangenisse, elke onderhoud en die aantal en aard van klagtes ontvang, word gerekordeer en op datum gehou deur middel van die elektroniese rapporteringstelsel.

Die Regterlike Inspektoraat het 'n elektroniese rapporteringstelsel ontwikkel wat gedurende 2001 nasionaal geïmplementeer is. Hierdie stelsel word deur middel van die intranet bedryf en het die vorige rapporteringswyse van fakse en briewe vervang. Hierdie elektroniese stelsel maak kommunikasie tussen OGB's, Hoofde van gevangenisse en die Regterlike Inspektoraat baie makliker, akkurate rekords word gehou van klagtes en dit gee ook toegang tot voorskrifte wat regte van gevangenes bepaal. Die OGB's ontvang hulle betaling ook vinniger en hierdeur word die gebruik van die elektroniese stelsel verder aangemoedig.

OGB's en Hoofde van gevangenisse is opleiding gegee in die gebruik van hierdie stelsel ten einde hulle in staat te stel om die stelsel ten volle te benut. Die stelsel is ook gekoppel aan selfone van Korrektiewe Dienste lede en OGB's. Dit stel die Inspekterende Regter in staat om 'n SMS-boodskap te stuur na 'n Hoof van 'n gevangenis of 'n OGB wanneer die dood van 'n gevangene bv. aan hom gerapporteer word.

Die oogmerk van hierdie databasis is om inligting van elke gevangenis en ook elke gevangene te hê ten einde korrekte en volledige inligting beskikbaar te hê wanneer 'n besluit of aanbeveling gemaak moet word. Hierdie stelsel verskaf 'n vinnige en effektiewe diens aan gevangenes. Die web-adres vir hierdie elektroniese rapporteringstelsel is http://judicialinsp.pwv.gov.za.

Die gebruik van die konvensionele verslagdoening (op papier) het van 122 in Augustus 2001 tot slegs 5 verslae in Maart 2003 gedaal. Daarteenoor het die gebruik van die elektroniese stelsel van 20 tot 166 gestyg in die ooreenstemmende tydperk. In figuur 23 word hierdie tendens grafies voorgestel (2002/2003 jaarverslag van die Inspekterende Regter).




FIGUUR 23: Aantal betalings vasgelê deur OGB's VS vasleggings deur die kantoor van die Inspekterende Regter.

Die Staatsdienswet (wet 103 van 1994) reël die vergoeding van die personeel van die Regterlike Inspektoraat sowel as die OGB's. Vanaf 1 Mei 2003 is die uurtarief waarteen OGB's besoldig word verhoog na R50,41 per uur. Die aantal ure wat toegeken word aan OGB's word bepaal aan die hand van die grootte van die gevangenis. Die minimum aantal ure wat per maand goedgekeur kan word is 14 ure en die maksimum is 67 ure. Die gemiddelde uitgawe per OGB beloop R1 672 per maand.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die OGB's groot werk doen om gevangenes met klagtes by te staan en die afhandeling daarvan te bespoedig. Klagtes van gevangenes word dikwels as onbenullig beskou, maar vir die gevangene is sy

klagte 'n werklike probleem en verwag hy dat iemand hom daarmee sal help. Die gevangene word in 'n gevangenis aangehou waar sy vryheid hom ontneem is en hy weet nie altyd hoe dit met sy familie (en kinders) gaan nie en dit frustreer hom. Wanneer hy dan 'n klagte daaroor opper en dit geniet nie aandag nie, kan dit lei tot 'n ontvlugting waar die gevangene dan self gaan kyk hoe dit met sy familie gaan. Dit is dus uiters belangrik dat alle klagtes van gevangenes aangehoor en afgehandel word. Dit is hier waar die OGB's 'n deurslaggewende rol speel en selfs Hoofde van gevangenisse se hand sterk ten einde 'n beter diens aan gevangenes te lewer ten opsigte van die suksesvolle afhandeling van klagtes.

### 3.2.4 **Klagtes van gevangenes**

Die Regterlike Inspektoraat steun baie sterk op die inligting wat gerapporteer word deur OGB's. Die hoeveelheid klagtes, die aard van die klagtes en die frekwensie van soortgelyke klagtes word nuttig deur die Inspekterende Regter gebruik om tendense waar te neem en dit met die relevante funksionarisse uit te klaar.

Oorbevolking van gevangenisse is een van Korrektiewe Dienste se grootste probleme en veroorsaak daagliks klagtes van gevangenes, ondermeer oor swak voedsel, swak mediese behandeling en onvoldoende sanitêre geriewe. Indien aanhoudingsgetalle verminder kan word, sal dit bydra tot minder klagtes oor aspekte wat as gevolg van oorbevolking net eenvoudig nie deurlopend op standaard gehou kan word deur Korrektiwe Dienste nie.

Artikel 90(2) van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) bepaal dat die Inspekterende Regter slegs klagtes ontvang en hanteer wat voorgelê word deur die Nasionale Raad, die Minister, die Kommissaris, 'n Besoekerskomitee en in dringende gevalle, deur 'n Onafhanklike Gevangenisbesoeker en mag uit eie beweging handel met enige klagte.

Die meeste klagtes word tussen die OGB's en Hoofde van gevangenisse opgelos. Gedurende 2002/2003 was daar 217 klagtes wat onopgelos is en deur die Besoekerskomitee's na die regsafdeling van die Regterlike Inspektoraat verwys is.

Sekere klagtes is belangriker as ander en daarom word klagtes in groepe verdeel, nl.:

- dringende klagtes,
- prioriteits klagtes en
- gereelde klagtes.

Die tipe klagtes onder elk van bogenoemde groeppe kan soos volg gelys word:

Dringende klagtes:

- ✷ Gesondheidsorg,
- ✷ Voedsel,
- ✷ Eetstaking en
- ✷ Mediese ontslag.

Prioriteits klagtes:


- ✶ Aanrandings,
- ✶ Korrupsie,
- ✶ Onmenswaardige behandeling en
- ✶ Borg.

Gereelde klagtes:

- * Oorplasings,
- * Kommunikasie met families en
- * Omskakeling van vonnisse.

Die dringende klagtes is dié wat onmiddellike aandag moet geniet en sonder enige vertraging deur die OGB hanteer moet word. Die prioriteits klagtes word ook as dringend beskou en vorm gewoonlik deel van Korrektiewe Dienste se strategiese plan. Die gereelde klagtes is dié wat die meeste ontvang word deur OGB's. Vir 'n gevangene is elke klagte belangrik en daarom is dit uiters belangrik dat alle klagtes so spoedig moontlik afgehandel word.

Figuur 24 wys die aantal klagtes van gevangenes wat deur OGB's hanteer is.




FIGUUR 24: Aantal klagtes van gevangenes hanteer.

Die OGB's is baie effektief in die hantering van klagtes. Die oorgrootte mederheid klagtes word spoedig afgehandel, maar ander waar ondersoeke ingestel moet word, duur soms lank om af te handel. Die feit dat die OGB's daar is en klagtes aanhoor en hanteer, maak die werk van die Regterlike Inspektoraat meer opsigtelik en dit veroorsaak dat veral aanrandings en korrupsie aan bande gelê word.

### 3.2.5 **Inspeksie van Gevangenisse**

Die Inspekterende Regter is by wet verplig [artikel 90(1) van wet 111 van 1998] om gevangenisse gereeld te besoek of om te reël dat besoeke plaasvind. Die Inspekterende Regter moet ook 'n verslag oor elke inspeksie by die Minister indien, a 90(3).

Tydens 'n toespraak deur Mnr. Ben Skosana, Minister van Korrektiewe Dienste (DKD-Intranet) op 20 Maart 2003, het hy aan die "Law Society of South Africa" gesê: "The Inspecting Judge must foward a report to the Minister of Correctional Services on the treatment of prisoners in prisons and on corrupt or dishonest practices in prisons. The Inspecting Judge has done a sterling job in this regard and

his recommendations have not only received the attention of Correctional Services, but have also been quoted in other publications.

Gedurende 2002/2003 is 16 gevangenisse deur Regters besoek, 12 gevangenisse deur groepe prokureurs, 31 gevangenisse deur inspekteurs en 98 gevangenisse deur die Inspekterende Regter. Bo en behalwe hierdie besoeke is daar ook 7 147 besoeke deur OGB's en Provinsiale ko-ordineerders aan gevangenisse gebring (Jaarverslag van die Inspekterende Regter – 2002/2003). Ook gedurende 2003/2004 (tot 31 Maart 2004) is gevangenisse deur Regters (15), groepe prokureurs (27), inspekteurs (51) en die Inspekterende Regter (26) besoek. Daar is ook 8 595 besoeke aan gevangenisse gebring deur OGB's. In samewerking met die kantoor van die Inspekterende Regter het 66 prokureurs gevangenisse op Menseregtedag, 16 Desember 2003, besoek. Na hierdie besoeke is 'n gesamentlike verslag opgestel oor elke afsonderlike besoek. Die mees algemene kommentaar in al hierdie verslae was die negatiewe uitwerking van oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse (Jaarverslag van die Inspekterende Regter – 2003/2004).

Na die verwerking van alle inligting wat tydens inspeksies en klagtes van gevangenes bekom is, is die Inspekterende Regter in 'n posisie om verslag te doen aan die Minister van Korrektiewe Dienste oor die stand van sake in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Hierdie verslag moet deur die Minister aan die kabinet voorgelê word op 'n jaarlikse basis. Die Inspekterende Regter werk ook nou saam met die Nasionale Raad- en Portfoliokomitee vir Korrektiewe Dienste. Hierdie inligting/voorstelle van die Inspekterende Regter is van groot waarde vir veral die Nasionale Raad, 'n liggaam met baie kennis oor die korrektiewe sisteem, aangesien hierdie Raad die Minister moet bedien met inligting rakende die ontwikkeling van wetgewing/voorskrifte vir Korrektiewe Dienste.

Die Inspekterende Regter skakel ook met baie nie-regeringsorganisasies soos NIMRO, Besigheid teen misdaad, Sentrum vir Konflikresolusie, die Regshulpraad en die Suid-Afrikaanse Menseregte-kommissie.

Die Inspekterende Regter en sy personeel doen werk van hoogstaande gehalte en dit is van onskatbare waarde vir Korrektiewe Dienste. Ten opsigte van oorbevolking word alle moontlike opsies voorgestel om te verseker dat minder gevangenes in

gevangenisse aangehou word. Indien al die bestaande remidies tot die beskikking van die verskeie rolspelers binne die regsplegingstelsel ten volle benut word, soos bepleit deur Regter Fagan, kan oorbevolking drasties verlaag word.

## 3.3 **"Besigheid teen Misdaad"**

Misdaad vind in die gemeenskap plaas en word gepleeg deur lede van 'n gemeenskap. Die staat se plig is om wet en orde te handhaaf en ook om die gemeenskap te beskerm teen misdadigers. Dit is dan die hoofdoel met die daarstelling van die Polisie, Justisie, Korrektiewe Dienste en Maatskaplike Ontwikkeling om juis die gemeenskap te beskerm.

Misdaad is wêreldwyd 'n komplekse verskynsel en dit word al moeiliker vir die staat om die misdaadprobleem alleen in toom te hou. Mnr. Mandela het gedurende 1995 gesê: "The business sector could make a valuable contribution in supporting government in combating crime and the causes of crime by the transfer of knowledge and the development of skills and capacity through public private partnership." (Nexus, Volume IV, 2003 : 34).

### 3.3.1 **Die doel en ontstaan van "Besigheid teen Misdaad"**

Misdaad in Suid-Afrika is 'n groot probleem en die enigstge manier om misdaadpleging te verminder is om hande te vat en die probleem saam aan te pak. Albert Einstein het eens gesê: "The problems we have today cannot be solved by thinking the way we thought when we created them!" (Besigheid teen misdaad opledingsmateriaal). "Besigheid teen Misdaad" (BTM) is in 1996 gestig in antwoord op die oproep van die voormalige President, Nelson Mandela dat die besigheidsektor betrokke moet raak en saam met die regering moet werk om misdaad in Suid-Afrika hok te slaan.

Vandag is daar 'n unieke vennootskap tussen die sakesektor en die regering (op alle vlakke) en dit word as een van die beste in sy soort, internasionaal, bestempel. Die uitgangspunt van BTM is dat die gebruikmaking van hulpbronne van individuele

maatskappye beter aangewend kan word, as slegs die van individuele persone. Die probleme binne die regsplegingstelsel is deur BTM raakgesien en hulle hoofdoel is dan ook om te begin soek na oplossings, daar waar die probleem sy oorsprong het.

Tydens 'n besoek aan Port Elizabeth het die navorser onderhoude gevoer met Mnr. Kevin Hustler, Besturende Direkteur van BTM in die Oos-Kaap, Mnr. de Villiers, Hoof van die Gevangenis, St. Albans Medium A en ook met Me Annelie Bakker, senior staatsaanklaer, Port Elizabeth. Uit hierdie onderhoude het dit duidelik na vore gekom dat BTM (in die Oos-Kaap) iets wil doen aan die oorbevolkingsprobleem veral by St. Albans Medium A gevangenis waar groot hoeveelhede ongevonniste gevangenes aangehou word as gevolg van hofrolle wat oorvol is en sake wat baie lank vat om afgehandel te word. Hulle het gaan kyk na wat presies die struikelblokke is en hoe dit suksesvol aangespreek kan word. Eerstens is gevind dat die onderskeie departemente binne die regsplegingstelsel by mekaar verby werk en dit veroorsaak dat die hele proses vertraag word. Martin Schönteich (ISS monograaf no. 75, 2002 : 35) sê: "The day-to-day activities of the criminal justice system, such as the investigation of crime, the prosecution of offenders and the processing of criminals through the system, are occuring at low performance levels."

BTM beeld die huidige regsplegingstelsel soos volg uit (BTM opleidingsmateriaal):




FIGUUR 25: Die Regsplegingstelsel.

BTM het besef dat hulle deel sal moet word van hierdie stelsel ten einde te help om dit op ’n besigheidgrondslag te bedryf. Die kennis, vaardighede en finansies van die privaatsektor was baie nodig en BTM het hierdie rol oorgeneem met groot welslae. President Thabo Mbeki (DKD-Intranet) het by geleentheid gesê: “Where morality has failed, the law must rush in to fill the void.” In die Oos-Kaap en veral Port Elizabeth het BTM hoofsaaklik drie groot projekte aangepak om hul doelstellings te bereik, nl.

- “integrated justice system” (IJS),
- “awaiting trail prison project” (ATP) en
- pleitbedinging.


Bo en behalwe die drie groot projekte is BTM ook by baie ander projekte betrokke. Misdaadvoorkoming is een van die belangrikste aspekte wanneer oplossings vir ’n misdaadprobleem gesoek moet word. Dit is dieselfde met oorbevolking, deur alle pogings aan te wend om gevangenes uit die gevangenis te kry is nie genoeg nie, baie meer moet gedoen word om die invloei na gevangenisse te verminder. Dieselfde geld met misdaadvoorkoming, waar die druk op die regsplegingstelsel verlig sal word wanneer minder misdaad gepleeg word. Die drie hoofdoelwitte van BTM word vervolgens bespreek.

### 3.3.2 Die “Intergrated Justice System”

Gedurende 1996 het die regering fondse beskikbaar gestel om, in samewerking met BTM, ’n geïntegreerde regstelsel daar te stel om beter dienste te lewer en ook te verseker dat elke oortreder geregtig is op ’n spoedige verhoor, soos uiteengesit in die grondwet. Die nuwe “Integrated Justice System” (IJS) is gedurende 1997 gestig (Schönteich, 2002 : 38). Die regsplegingstelsel is veronderstel om afskrikking te bewerkstellig. Om dit reg te kry, sal hierdie stelsel baie meer effektief moet wees en dit geld vir al vier departemente wat die regsplegingstelsel vorm. Met nog ’n


vennoot, BTM, kan effektiewe dienslewering met groter suksesse ’n werklikheid word.

Die volgende twee figure toon misdaadpatrone vanaf 1994 tot 2001. In figuur 26 kan gesien word dat die misdaadsyfer redelik gestabiliseer het, maar beslis op te hoë vlakke.




FIGUUR 26: Stabilisering van misdaad in Suid-Afrika.

Sekere misdaadkategorieë soos moord en verkragting het ook gestabiliseer en selfs afgeneem, maar ook hier is die syfers steeds te hoog. Figuur 27 toon die misdaadstatistiek ten opsigte van moord en verkragting vir die tydperk 1994 tot 2001 (BTM, 2002 jaarverslag : 2-3).




FIGUUR 27: Misdaadstatistiek : Moord en Verkragting (1994 – 2001).

Die statistiek hierbo word slegs aangetoon om die leser 'n idee te gee van die tendense wat op die gebied van ernstige misdaadpleging oor die afgelope dekade

plaasgevind het. Dit is die situasie waarmee die regsplegingstelsel sit en BTM wil hier help om ’n verskil te maak.

Die IJS in die Oos-kaap het ’n sentrum by die Port Elizabeth hof ingerig waar al vier departemente in een lokaal bymekaar is om sodoende die omkeertyd van afhandeling van sake te verminder. Indien ’n saak verder uitgestel moet word as gevolg van bv. ’n maatskaplike verslag wat ontbreek, word alle pogings aangewend deur Maatskaplike Ontwikkeling om die nodige verslag te bekom voor die verhoordatum en sodoende ’n verdere uitsteldatum af te weer. Op die manier kan die saak vinniger afgehandel word. Die samewerking tussen ondersoekbeamptes en aanklaers kan op die manier ook baie verbeter word en “swak” sake kan vroeg reeds teruggetrek word, korrekte borg vasgestel word en in so ’n gesamentlike poging oorbevolking van veral ongevonniste gedeeltes van gevangenisse verlig. Die Korrektiewe Dienste verteenwoordiger hou aanhoudingslyste by om te bepaal watter gevangenes reeds die langste aangehou word en sodoende help hy om sake te prioritiseer ten einde oorbevolking verder te bekamp.

Hierdie konsep word die “Intergrated Justice Court Centre” (IJCC) genoem. Die visie van hierdie projek is om dienslewering drasties te verbeter. Dit sluit die volgende vier elemente in,


- om die hofsake se omkeertyd te bespoedig,

- om die verhoorafwagtende gevangenes se omkeertyd te bespoedig,

- om die aantal hof-ure te vermeeder deur effektiewe bestuur van hofrolle en

- om die aantal skuldigbevindings te verhoog.

Die werking van die IJCC word in figuur 28 skematies voorgestel.




FIGUUR 28: Die werking van die "Integrated Justice Court Centre".

Die saak-hersieningspan is verantwoordelik vir die hersiening van alle individuele sake van verhoorafwagtende gevangenes. Die veranderingspan moet werkbare ingrypings definieër terwyl die bestuurspan die projek moet bestuur, koördineer en voortdurend rigting gee.

Een van die belangrikste doelstellings met die implementering van die IJCC was om ervaring saam te span ten einde gemeenskaplike doelwitte te bereik. Wanneer al die departemente hulle funksies gesamentlik (en in dieselfde sentrum) uitvoer, kan baie meer bereik word as wanneer hulle outonoom funksioneer. Die funksies wat gesamentlik binne die IJCC uitgevoer moet word, word as bylaag 6 agter in hierdie ondersoek aangeheg.

In die Beeld (22 Maart 2000 : 7) word die geïntegreerde regstelsel breedvoerig bespreek en die publiek kan deur so 'n berig op hoogte wees met die verwikkelinge binne die regstelsel en ook die goeie resultate sien wat die vennootskap tussen die staat en die privaatsektor tot gevolg het. Minister Ben Skosana (DKD) het ook in 'n toespraak (DKD-Intranet) verwys na die rol wat Korrektiewe Dienste speel binne die geïntegreerde regstelsel sowel as die "National Crime Prevention Strategy" (NCPS).

In die Nexus (Februarie 2001 : 20) verduidelik Brain Whittaker van "Business Trust" dat die Suid-Afrikaanse sakesektor saamgespan het om die regering te help op baie verskillende terreine. Hierdie trust is op 1 Julie 1999 begin en bydrae's van 18 van

die top 20 maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, is reeds ontvang. Meer as ’n 100 maatskappye (klein en groot) het reeds bygedra tot hierdie trust. Brain Whittaker noem ook dat die trust vir ongeveer 5 jaar sal aangaan en daar word gepoog om R1 biljoen op die wyse in te samel.

Die hoofdoel met hierdie trust is om werk te skep en goeie opvoeding en geleerdheid daar te stel. Deur die skepping van hierdie trust wil die privaatsektor groter vertroue skep by die regering en werklik iets konstruktiefs doen om die verhouding tussen die privaat- en publiekesektor te verstewig.

Dr. Bernie Fanaroff, Adjunk Direkteur-Generaal van Veiligheid en Sekuriteit (Nexus, April 2000 : 12) sê dat slegs 3 - 5% van alle sake wat by die SAPD gemaak word uiteindelik tot skuldigbevindings lei. Hy sê dit is een van die grootste probleme tans in die regstelsel en bied dus ook die grootste uitdaging vir die IJS om op hierdie gebied te verbeter. Dr. Fanaroff noem ook dat daar baie beter kommunikasie is tussen die vier vernaamste departemente in die regsplegingstelsel, maar dat daar steeds te veel onnodige rompslomp bestaan ten opsigte van die administrasieprosesse. Hy het dit vergelyk met ’n pasiënt wat by ’n hospitaal opgeneem word en genoem dat ’n lêer by ontvangs oopgemaak word en hierdie lêer saam met die pasiënt na x-strale gaan, saam gaan na die saal indien die pasiënt opgeneem word en ook weer saam na die tiater indien die pasiënt geopereer word. In die geval van die regsplegingstelsel maak elke departement ’n lêer oop vir ’n oortreder. Dit is volgens Dr. Fanaroff onnodig en kan maklik uitgeskakel word deur bv. gebruik te maak van ’n geïntegreerde rekenaarstelsel.

Die vier departemente wat saam die IJS vorm tesame met die vyfde vennoot, BTM, het reeds veel vermag ten opsigte van die volgende vier sleutel area’s (BTM, Oos-Kaap jaarverslag, 2002):

- verbetering ten opsigte van dienslewering aan die gemeenskap,
- effektiewe hulpbronbestuur,
- kostebesparings en
- effektiewe benutting van tyd.

Tabel 16 toon die suksesse wat BTM gedurende 2001 behaal het. Dit word ook vergelyk met die syfers van 2000. Hierdie suksesse is behaal deur die “Integrated Justice Court Centre” in Port Elizabeth (2001 jaarverslag – BTM, Oos Kaap):

| | **2000** | **2001** | **VERSKIL** |
|---|---|---|---|
| **DOSSIER GEREEDHEID** | | | |
| Gemiddelde aantal sake hanteer per maand | 734 | 845 | 15% Meer |
| Gemiddelde aantal sake gereed vir verhoor per maand | 205 | 315 | 53% Meer |
| Gemiddelde aantal dae om dossiere gereed te kry | 46 | 39 | 15% Minder |
| **SUKSESVOLLE VERVOLGINGS: SKULDIGBEVINDINGS** | | | |
| Landdroshof | 79% | 86% | 7% Meer |
| Streekhof | 61% | 63% | 2% Meer |
| **GEMIDDELDE DAAGLIKSE HOF-URE** | | | |
| Landdroshof | 3,5 Ure | 4,12 Ure | 18% Meer |
| Streekhof | 3,5 Ure | 3,4 Ure | 2% Minder |
| **GEMIDDELDE HOFSAAK OMKEERTYD** | | | |
| Landdroshof | 5,9 Maande | 7,6 Maande | 29% Meer |
| Streekhof | 17,5 Maande | 17 Maande | 2% Minder |
| **MAANDELIKSE GEMIDDELD: AANHOUDINGSYFER** | | | |
| St. Albans Medium A | 2 852 | 2 478 | 13% Minder |
| Port Elizabeth Vroue | 78 | 71 | 9% Minder |

TABEL 16: Statistiek, IJCC – Port Elizabeth.

In die Nexus (November 2001 : 12) word genoem dat die IJCC in Port Elizabeth ’n groot sukses is en beslis uitgerol gaan word na ander Provinsies waar soortgelyke probleme ondervind word. Ongevonnistes se gemiddelde aanhoudingstydperk van 115 dae is verlaag na 84 dae. Dit teen ’n koste van R82,80 per gevangene per dag (aanhoudingskoste in ’n gevangenis gedurende 2001) het ’n besparing van R4,3 miljoen vir Korrektiewe Dienste in Port Elizabeth alleen beteken.

Dr. Penuell Maduna, Minister van Justisie het BTM bedank deur te sê: “The IJCC in Port Elizabeth has significantly improved the way in which we manage the court rolls at the New Law Courts, and has contributed to improving the overall efficiency of the courts. Ook Regter Fagan, Inspekterende Regter van Gevangenisse het gesê: “The IJCC in which Business Against Crime (Eastern Cape) is deeply involved, is an outstanding success. That achievement and the willingness of BAC, EC to share their expertise with other, are highly appreciated by the Judicial Inspectorate of Prisons.” (BTM, Oos-Kaap se jaarverslag, 2001).

### 3.3.3 **Die “Awaiting Trial Prisoner” Projek**

Vir die doel van hierdie bespreking kan ’n “awaiting trial prisoner” (ATP) soos volg omskryf word; ’n ongevonniste gevangene in aanhouding in ’n gevangenis, wat borg toegestaan is, maar dit nie kan bekostig nie of wat nie borg toegestaan is nie en dus die afhandeling van sy saak afwag.

Die ATP projek is spesifiek gemik op die verligting van oorbevolking in veral ongevonniste afdelings van gevangenisse. Die koste van aanhouding en die omstandighede wat verswak in gevangenisse het BTM laat besef dat ongevonniste gevangenes gouer deur die stelsel moet beweeg ten einde sake gouer af te handel en sodoende die druk op Korrektiewe Dienste te verlig. Die ATP projek vorm deel van die doelstellings met die IJS. Die samevoeging van die vier departemente binne die IJS is met groot sukses in Port Elizabeth geïmplementeer. Die IJCC is die plek waar die ATP projek bedryf word en dit het reeds ’n groot verskil gemaak in die aanhoudingsgetalle by St. Albansgevangenis.

Die drie sleutelfunksies van die ATP projek is (BTM verslag oor die IJCC, 2002);

- hersiening van alle sake,
- identifisering van struikelblokke en
- finalisering van sake.

Die ATP projek in die Oos-Kaap het op 1 April 1999 begin, hoofsaaklik as gevolg van die oorbevolkingsprobleem by St. Albans Medium A gevangenis;


- die gevangenis se goedgekeurde akkommodasie was 1 397, maar die werklike aanhoudingsyfer was 3 200, wat 'n persentasiebesetting van 229% verteenwoordig,
- daar was 32,7% van die verhoorafwagtendes aan wie borg toegestaan is, wat dit nie kon betaal nie en
- van die 794 gevangenes wat reeds langer as 6 maande wag vir hul verhore om afgehandel te word, wag 219 (27,6%) vir langer as 12 maande.

Uit bogenoemde statistiek is dit duidelik dat Korrektiewe Dienste aan die ontvang kant bly wanneer dit kom by die opneem van nuwe gevalle en aanhouding vir lang periodes ten opsigte van die verhoorafwagtendes reeds in sy sorg. Binne die ATP projek is Korrektiewe Dienste se rol om naamlyste saam te stel van ongevonnistes in aanhouding en dit aan die IJCC te voorsien vir verdere hantering. Wanneer die naamlyste ontvang word, moet die individuele sake hersien word ten einde dit voor te berei vir afhandeling.
Die ATP's word in drie katgegorieë verdeel waarvolgens sake hersien word, nl.

- ATP's met borg van minder as R1 000,
- ATP's wat reeds langer as 6 maande in aanhouding is en
- ATP's wat bereid is om skuldig te pleit.

Die voordeel van hierdie projek vir Korrektiewe Dienste is dat sake vinniger afgehandel word, oorbevolking verlig word, groot aanhoudingskostes bespaar word, aanhoudingsomstandighede binne gevangenisse verbeter en veral minder druk op Korrektiewe Dienste se hulpbronne en infrastruktuur geplaas word.

St. Albans Medium A gevangenis se aanhoudingsyfers vanaf einde Maart 1999 tot einde Junie 2000 het soos volg daaruit gesien (Notule van IJS, Oos-Kaap, vergadering gehou op 29 Junie 2000):




FIGUUR 29: Aanhoudingstotale van ATP's by St. Albans Medium A gevangenis.

Die ATP's projek is ook na ander gebiede in die Oos-Kaap uitgebrei. Vir die tydperk 1 April 1999 tot 23 Junie 2000 is die volgende suksesse met die ATP projek by Port Elizabeth, Oos-Londen, Mdantsane, Umtata en King Williams Town behaal:

- pleit van skuldig – 424,
- vrygelaat op waarskuwing of laer borg – 251,
- sake teruggetrek – 232,
- in ouers of voog se sorg geplaas – 2,
- voorkeur sake gefinaliseer – 177 en
- verkryging van kriminele rekords voor vonnisoplegging – 11.

Uit die totaal van 1 762 sake wat hersien is, is 1 097 gefinaliseer. In hierdie tydperk (1 April 1999 tot 23 Junie 2000) is 1 246 beskuldigdes uit die stelsel gehaal en daardeur R3,6 miljoen vir Korrektiewe Dienste bespaar. Indien hierdie besparing oor slegs 306 werksdae, by vyf sentrums R3,6 miljoen beloop, kan die nasionale implementering van die ATP projek ’n besparing van biljoene rande vir die belastingbetaler beteken en daarmee saam groot verligting bring aan reeds oorvol gevangenisse.

Dr. Maduna, Minister van Justisie, het op 27 Augustus 1999 tydens ’n toespraak gesê (DKD-Intranet) dat die “National Crime Prevention Strategy” (NCPS) ’n geïntegreerde regstesel daargestel het om samewerking tussen die SAPD, Justisie, Korrektiewe Dienste en Maatskaplike Ontwikkeling te verbeter. Met die toetrede van BTM tot die IJS, het die “Integrated Justice System” gebruikersraad in Maart 1999 tot stand gekom. Die ATP projek is deur hierdie raad ontwikkel en geïmplimenteer en werk tans baie goed, gemeet aan die resultate wat veral in die Oos-Kaap behaal is.

Gedurende September 2000 (DKD-Intranet) het Minister Ben Skosana (DKD) aan die media gesê dat Korrektiewe Dienste verskeie strategieë in plek het om oorbevolking aan te spreek. Hy het ook gesê dat die invloei van ongevonniste gevangenes nie deur Korrektiewe Dienste beheer kan word nie. Die Minister het verwys na die ATP projek en gesê dat BTM ’n groot rol speel in die IJS en dat hierdie projek (ATP) beslis ’n groot verskil gaan maak aan die oorbevolkingsprobleem in gevangenisse.

Die IJS het beslis ’n groot verskil gemaak aan dienslewering in die algemeen. Die spoedige afhandeling van sake hou soveel voordele in vir die regstelsel, die gemeenskap, die belastingbetaler en vir Korrektiewe Dienste as gevolg van verligting van die oorbevolkingsprobleem.

In die Oos-Kaap is ondergenoemde suksesse behaal met die IJS (BTM opleidingmateriaal):

- ATP aanhoudingstyd verminder van 122 tot 87 dae,
- opdatering van kriminele rekords gesny van 78 tot 18 dae,
- aantal sake per dag afgehandel styg van 5 tot 10 per dag,

- geen verlore dossiere en
- groot kostebesparings.

### 3.3.4 **Pleitbedinging**

Een van die kategorieë waarin die ATP projek verdeel is, is pleitbedinging en tydens die saak-hersieningsfase word daar ook gelet op hierdie ATP's om uit die stelsel te kry.

Die aanklaer se bevoegdheid om 'n pleit van skuldig aan 'n mindere misdryf te aanvaar, bring die netelige vraag van voorpleit-onderhandeling tussen die vervolging en die verdediging na vore. In Suid-Afrikaanse regskringe het daar sedert die tagtigerjare gaandeweg al hoe meer positiewe stemme oor dié onderwerp opgegaan (Hiemstra, 2002 : 275). Hierdie projek word reeds jare lank toegepas, maar sonder enige wetregtelike voorskrif in die verband. 'n Vroeë pleit van skuldig kan die aanhoudingstotale van ongevonniste gevangenes baie laat daal en die omkeertyd van afhandeling van hofsake ook aansienlik verkort.

Hiemstra (2002 : 275) sê dat dit verblydend is om te verneem dat die parlement gedurende Desember 2001, Wet 62 van 2001 aangeneem het. Artikel 105A van die Strafregswysigingswet (wet 62 van 2001) maak dan voorsiening vir 'n aanklaer om met die beskuldigde (tesame met sy regsbystand) te onderhandel oor 'n pleit van skuldig en 'n gepaste vonnis ten einde die saak so spoedig moontlik af te handel. Staatskoerant no. 22933 gedateer 14 Desember 2001 bevat die volledige Artikel 105A van Wet 62 van 2001 en word as bylaag 7 agter in hierdie ondersoek geplaas.

Wat egter duidelik na vore kom is die feit dat a 105A voorsiening maak vir onderhandelings tussen die aanklaer en die beskuldigde, met die teenwoordigheid van regsbystgand. Hiemstra (2002 : 275) noem verder dat: "Ongelukkig is daar nie by die verdere oorweging van die wetsontwerp voor oë gehou dat die oorgrote meerderheid beskuldigdes in ons laer howe nie regsbystand geniet nie – en bowendien meermale gebuk gaan onder taal-, kultuur- en opvoedkundige belemmerings."

Op 30 Mei 2002, tydens die opening van die nuwe Kokstad Bestuursarea, het die Minister van Korrektiewe Dienste, Mnr. Ben Skosana (DKD-Intranet) gesê dat die invoeging van artikel 105A in die Strafproseswet (wet 51 van 1977) oorbevolking kan help verlig aangesien pleitbedinging die omkeertyd van finalisering van hofsake kan verlaag en dit weer op sy beurt minder ongevonnistge gevangenes in aanhouding sal verseker.

Regter Hannes Fagan, Inspekterende Regter van Gevangenisse (www.judicialinsp.pwv.gov.za) het gesê dat pleitbedinging met goot sukses in Amerika toegepas word. Tot seveel as 90% van alle skuldigbevindings is as gevolg van pleitbedinging en daar is dus slegs 10% van die sake wat deur ’n volledige verhoor afgehandel moet word. Hy voeg by: “Trails can take days, weeks and sometime months while guilty pleas can often be arranged in minutes.”

Wanneer onderhandelings plaasvind, word daar gepoog om tot ’n vergelyk te kom. Dit is presies wat met pleitbedinging die geval is. Regter Fagan noem egter dat daar ’n besliste verskil bestaan tussen ’n pleit van skuldig en pleitbedinging (www.judicialinsp.pwv.gov.za). Eersgenoemde beteken dat die beskuldigde voor of tydens sy verhoor erken dat hy die misdaad gepleeg het, sonder enige onderhandelings oor die uitwerking van so ’n bekentenis en dit vorm gewoonlik deel van die hofrekord wat ingedien word by die hof as getuienis. Daarteenoor is pleitbedinging ’n onderhandelingsproses tussen die aanklaer, die beskuldigde en sy regsbystand. Hier word verduidelik dat ’n pleit van skuldig kan beteken dat ’n ligter/korter vonnis opgelê kan word of dat ander aanklagte teruggetrek kan word.

Die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging het in Maart 2002 (DKD-Intranet) gesê dat hierdie onderhandelings beslis nie beteken dat ’n vonnis van gevangenisstraf verander sal word na bv. ’n boete indien die tipe oortreding ’n swaarder vonnis regverdig nie. ’n Kortger tydperk van gevangenisstraf kan bv. oorweeg word, maar gemeenskapsbeskerming bly een van die hoof doelwitte van Justisie.

Daar is beslis voordele betrokke vir beide partye. Die beskuldigde kan;

- ’n korter/ligter vonnis opgelê word,
- kostes bespaar ten opsigte van regsverteenwoordiging en

- gouer begin uitdien aan sy vonnis.

Ook vir die staat en publiek is daar verskeie voordele, nl.

- meer skuldigbevindings word bewerkstellig,
- die omkeertyd vir die afhandeling van sake verlaag,
- meer hoftyd kan aan ernstige sake spandeer word,
- oorbevolking van gevangenisse word verlig,
- meer geloofwaardigheid vir die regstelsel in geheel,
- groot kostebesparings vir die staat/belastingbetalers en
- beter rehabilitasie van oortreders kan plaasvind en risidivisme daardeur verlaag.

Kommunikasie is baie belangrik by die implementering van pleitbedinging. Dit help nie BTM en die IJS besef die nodigheid van hierdie proses, dit word gewettig, maar niemand maak gebruik daarvan nie. Veral waar verhoorafwagtende gevangenes in aanhouding is, moet inligtingsessies gereeld plaasvind om pleitbedinging onder hierdie kategorie gevangenes te "bemark". Gevangenes moet ingelig wees oor die moontlikheid van pleitbedinging. Dit kan nie op enige persoon afgedwing word nie, maar hy behoort te weet dat die opsie bestaan en dan self besluit of hy daarvan gebruik wil maak al dan nie.

Gevangenes wat private regsverteenwoordiging het, moet hulle prokureurs vra om in verbinding te tree met die aanklaer in die saak ten einde te onderhandel oor 'n moontlike pleit van skuldig. Waar van regshulp gebruik gemaak word, kan die regsverteenwoordiger ook kontak maak met die aanklaer en in gevlle waar geen regsverteenwoordiging beskikbaar is nie, moet die gevangene aangemoedig word om tydens sy volgende hofverskyning te vra vir regshulp aangesien hy oorweeg om te onderhandel oor sy pleit in die betrokke saak.

Hoofde van gevangenisse en ook Onafhanklike Gevangenisbesoekers behoort op hoogte te wees met hierdie wetgewing (artikel 105A van wet 62 van 2001) en sodoende verseker dat verhoorafwagtende gevangenes ingelig is oor die opsie van pleitbedinging. Die navorser is ook van mening dat die lede werksaam in die ongevonnistge afdelings van gevangenisse, opgelei behoort te word in die opsie van

pleitbedinging aangesien hulle elke dag direk betrokke is by hierdie kategorie gevangenes.

Op 17 April 2002 het Whittles Andrew April vir die regter in die Hooggeregshof, Kaapstad gesê: “Edelagbare, ek wil skuldig pleit, al is ek onskuldig. Hierdie saak hou nou al vyf jaar lank aan en ek kan nie so lank wag nie. Ek is skuldig!” (Die Burger, 19 April 2002 : 1). Ook in die Rapport (19 Mei 2002 : 5) sê Mnr. Gideon Morris (kantoor van die Inspekterende Regter) dat gevangenisoorbevolking verlaag kan word. Hy sê dat daar kritiek is teen dié stelsel aangesien dit te veel mag aan aanklaers gee. Mnr. Morris verduidelik dat die finale beslissing steeds by die landdros berus en nie by die aanklaer nie.

Pleitbedinging kan ook as ’n alternatief vir aanhouding van verhoorafwagtende gevangenes beskou word. Die wagwoord is goeie kommunikasie. ’n Ongevonniste aangehoudende kan nie van ’n opsie gebruik maak waarvan hy nie kennis dra nie. Korrektiewe Dienste moet hier ’n deurslaggewende rol speel om verhoorafwagtende gevangenes so gou as moontlik uit die gevangenis te kry. Ook van die kant van Justisie moet alle moontlike pogings aangewend word om pleitbedinging toe te pas ten einde die hofrolle korter te kry. Die media kan ook baie meer effektief aangewend word om die publiek op hoogte te hou met verwikkelinge op die gebied van die regstelsel.

Met die voorafgaande bespreking van BTM is dit duidelik dat die vennootskap tussen die privaat- en publiekesektor reeds groot suksesse behaal het. Hierdie vennootskap moet ten alle koste behoue bly en daar moet voortgebou word op die grondslag wat gevestig is. Dit is beslis nie net geld van die privaatsektor wat gebruik kan word nie, maar die besigheidsbeginsels, kennis en vaardighede van hierdie sektor kan met groot vrug in die breër staatsdiens aangewend word.

## 3.4 Statistiek Suid-Afrika

Statistiek Suid-Afrika is verantwoordelik vir statistiese rekords oor ’n baie groot spektrum van die Suid-Afrikaanse sameleweing. Hulle meen dat die wyse waarop

inligitng versamel en verwerk word, akkuraat is en dat hulle syfers ’n ware weergawe van ’n onderwerp weerspieël.

In hierdie afdeling word die sensusstatistiek van 1996 en 2001 vergelyk om spesifieke tendense te bepaal. Gedurende Oktober 2001 (die nag van 9-10 Oktober 2001) het die bevolking hulle lewensomstandighede bekend gemaak op vraelyste wat in al 11 amptelike tale beskikbaar gestel is. Volgens Statistiek Suid-Afrika was meer as 100 000 mense in diens geneem om te help met hierdie massiewe taak. Voor die telling is die land in 80 000 dele verdeel om die telling so akkuraat as moontlik te maak. Die inligting wat per vraelys ingesamel is, is met die nuutste rekenaartegnologie vasgelê, verwerk, gekontroleer en toe beskikbaar gestel vir verdere analise.

### 3.4.1 **Vergelyking van Sensusstatistiek (1996 / 2001)**

In 1970 was die Suid-Afrikaanse bevolking ongeveer 21,3 miljoen. Die aantal individue in 1996 en 2001 word in tabel 17, per geslag aangetoon. Hieruit is dit duidelik dat Suid-Afrika, net soos die res van Afrika, jaarliks ’n bevolkingsgroei toon.


| **Geslag** | **Oktober 1996** | | **Oktober 2001** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Aantal** | **%** | **Aantal** | **%** |
| Mans | 19 520 887 | 48,1 | 21 434 055 | 47,8 |
| Vroue | 21 062 685 | 51,9 | 23 385 727 | 52,2 |
| Totaal | 40 583 573 | 100 | 44 819 782 | 100 |

TABEL 17: Suid-Afrikaanse bevolking (1996/2001).

Die aantal mense in Suid-Afrika (1970 tot 2001) toon ’n gemiddelde bevolkingsgroei van 1,8% per jaar. Dit impliseer dat die Suid-Afrikaanse bevolking teen die volgende sensusopname (2006) op ongeveer 49 miljoen mense sal staan.

Hierdie syfers sê baie vir Korrektiewe Dienste aangesien 'n deurlopende bevolkingsaanwas kan beteken dat gevangenisse al meer oorbevolk sal word, behalwe in die geval waar misdaad afneem en alternatiewe vir gevangenisstraf in werking gestel word. Vir die regsplegingstelsel in geheel beteken dit dat misdaadvoorkoming die belangrikste doelwit moet bly aangesien laer misdaadsyfers oorbevolking kan laat afneem, al groei die land se bevolking jaarliks.

Die totale bevolking word ook verder verdeel, per provinsie. In figuur 30 word hierdie statistiek vir 1996 en 2001 vergelyk.





KZN=KwaZuluNatal; GP=Gauteng; OK=Oos-Kaap; LP=Limpopo; WK=Wes-Kaap; NW=Noord-Wes; MP=Mpumalanga; VS=Vrystaat; NK=Noord-Kaap

FIGUUR 30: Verspreiding van bevolking per Provinsie (1996/2001).

Die volgende sensusstatistiek wat bespreek word, is die persentasie van die bevolking wat een van die 11 amptelike tale as hulle eerste huistaal praat. Hierdie syfer is veral belangrik wanneer daar bv. na skoolonderrig gekyk word. Die taalmeduim waarin daar onderrig gegee word het die meeste trefkrag as dit gedoen word in 'n taal wat die leerder elke dag praat en dus die beste verstaan. Opvoeding is uiters belangrik en die vraag na kundigheid in enige land is baie groot. Suid-Afrika se werkloosheidsyfer is ongeveer 42% (Statistiek Suid-Afrika). Die opleidingspeil soos verstrek in die sensusstatistiek word volgende bespreek, maar die taalmedium

waarin dit gedoen word, is baie belangrik. Die regering sal dus baie versigtig moet wees om te beweeg in die rigting van slegs Engels as taalmedium vir onderrig in Suid-Afrika. Dit kan rampspoedige gevolge inhou vir die opleidingspeil van die bevolking, die arbeidsmark en daarmee saam die ekonomie van die land. Figuur 31 toon die 11 amptelike tale in Suid-Afrika wat as eerste huistaal gepraat word, uitgedruk as 'n persentasie.




FIGUUR 31: Amptelike tale wat as eerste huistaal gepraat word (1996/2001).


Die onderwyspeil van Suid-Afrika het 'n direkte invloed op misdaad aangesien geen of min skoolopleiding daartoe lei dat mense wat wel 'n werkie kry, slegs ongeskoolde arbeid kan verrig en gevolglik te min geld daarvoor verdien en hulle in baie gevalle dan tot misdaad wend om kos op die tafel te sit. Uit die sensusstatistiek kan gesien word dat 18% van alle Suid-Afrikaners bo 20 jaar geen onderwys ontvang het nie. In die Limpopo Provinsie is hierdie probleem die ergste aangesien meer as 'n derde van dié Provinsie se bevolking bo 20 jaar oud, geen onderwys ontvang het

nie. Die Wes-Kaap was gedurende 2001 die beste daaraan toe met slegs 5,7% bo 20 jaar oud wat geen onderwys ontvang het nie.

Indien die regering werklik ernstig is oor armoedeverligting, werkskepping en verlaging van misdaad in Suid-Afrika, sal hy 'n daadwerklike poging moet aanwend om onderwys na die mense te neem en dit te doen in 'n taal wat hulle kan verstaan.

Wanneer daar gekyk word na die werklooshiedsyfer in 2001 toon die statistiek dat 29,5% van alle Suid-Afrikaners (tussen 15 en 65 jaar oud) sonder werk was. Die Limpopo Provinsie is weer die hoogste met 36,1%. Dit is te verstane want hulle het die swakste opleidings-/opvoedingspeil in die land. Gevolglik is die Wes-Kaap weer die beste daaraan toe met 18,4%. In 2004 het die Nasionale werkloosheidsyfer tot bykans 42% gestyg.

In figuur 32 word die persentasie van die bevolking wat werkloos is, wel 'n werk het en ook die wat nie ekonomies aktief is nie, aangetoon.




FIGUUR 32: Arbeidsmark-status : Ouderdomsgroep 15 tot 65.

Volgens bogenoemde statistiek werk slegs ’n derde van die Suid-Afrikaanse bevolking tussen 15 en 65 jaar oud. Hierdie tendens bring dan mee dat twee derdes van die bevolking “gesubsidieer” moet word deur die kleiner groep wat wel werk. Dit is ook slegs die gedeelte in groen gemerk in figuur 35 hierbo wat die “staatskoffer” moet vol hou. Dit moet ook nie uit die oog verloor word dat ’n gedeelte van dié werkers ook nie belastingpligtig is nie. Dit maak die groepie belastingbetalers nog kleiner.

In Suid-Afrika waar armoede en werkloosheid ’n groot probleem is en ’n middelinkomstegroep wat swaar belas word, is dit net die klein groepie rykes wat werklik ’n goeie bestaan kan maak in Suid-Afrika. Dit is dalk een van die redes waarom so baie mense oorsee gaan om daar te gaan werk, minder belasting te betaal en sodoende meer geld in hulle sakke te steek.

Hierdie tendens het beslis ook ’n negatiewe uitwerking op die land se ekonomie en misdaadpleging spruit ook hieruit voort. Mense wat nie werk nie, het geen inkomste nie, maar hulle is ook gewoonlik ledig en dit skep ’n situasie waar misdaad, bendebedrywighede en dwelms hoogty kan vier. Die regering, privaatsektor en gemeenskappe moet saamstaan om armoede en werkloosheid te verminder. Bo en behalwe die pogings van ander, moet elke individu wat werkloos is, iets aan sy eie situasie probeer doen.

Die eerste prioriteit is om ’n werk te bekom. Kwalifikasies kan verwerf word terwyl ’n persoon alreeds werk. Die belangrikste is om ’n inkomste te genereer aangesien dit in eie en familie se behoeftes kan voorsien. Uit die sensusstatistiek word hierdie standpunt geregverdig aangesien slegs 41,4% van die land se werkers oor graad 12 of hoër kwalifikasies beskik.

Die laaste gedeelte van die 2001 sensusstatistiek handel oor huishoudelike dienste.

Huishoudelike dienste statistiek is baie belangrik vir die regering om beplanning te kan doen vir die toekoms asook om te gebruik wanneer ’n begroting opgestel moet word. Hierdie resultate is ook gunstig vir die opvoeding van kinders onder beter omstandighede aangesien onderwys moeilik is wanneer kinders bv. huiswerk in ’n koue huis moet doen by kerslig. Elektrisiteit, lopende water en sanitêre geriewe

maak die lewe net soveel beter vir baie mense en alhoewel die styging nie genoeg is nie, is dit ten minste verbetering op die syfers van 1996.

In tabel 18 word die belangrikste dienste getoon.

| Diens | 1996 | 2001 |
|---|---|---|
| Elektrisiteit vir beligting | 57,6 | 69,7 |
| Elektrisiteit vir verwarming | 44,5 | 49,0 |
| Elektrisiteit vir voedselvoorbereiding | 47,1 | 51,4 |
| Hout as energie vir voedselvoorbereiding | 23,0 | 20,5 |
| Water per pyp voorsien | - | 84,5 |
| Huishoudings sonder toilette | 12,4 | 13,6 |
| Toegang tot telefone (landlyn en/of sel) | 28,8 | 42,4 |

TABEL 18: Huishoudelike dienste (1996/2001).

Die vraag bly egter of daar ooit in almal in Suid-Afrika se behoeftes voorsien sal kan word. Terwyl die bevolkingsaanwas vinniger bly as wat die regering in die behoeftes kan voorsien, sal al meer mense nie die voordeel van basiese geriewe hê nie. In die Rapport (9 November 2003 : 9) skryf Jack Mutlow van Oudtshoorn: "'n Mens sidder en gril as jy dink wat van hierdie ou aardbolletjie gaan word waar ver te veel mense mekaar – in omstandighede van allerhande ellendes – elke dag verdring, verdruk of vermoor in hul stryd om te bestaan." Verder in dié berig word melding gemaak van politici wat konferensies hou oor hoe om die nood van mense te verlig, pleks van doeltreffende gesinsbeplanningsmaatreëls in plek te stel om die aanwas te vertraag. In die Breederivier Gazette (14 November 2003 : 1) wat die Robertson omgewing bedien, word berig dat veral swart mense skerp toegeneem het van die 1996 sensusopname tot die een in 2001. Die groei was 61% terwyl die kleurlinggetal met 24% gestyg het en die blankes met 7%. Werkloosheid het ook skerp gestyg en die sensusopname van 2001 toon ook dat 21 939 persone in Breederivier/Wynland Munisipale area nie ekonomies aktief is nie.

Laasgenoemde statistiek is weer eens ’n bewys dat die bevolkingsaanwas teenoor die hoë werkloosheidsyfer en armoede niks goeds voorspel vir misdaadpatrone in Suid-Afrika nie.

### 3.4.2 Vergelyking tussen bevolkingsgroepe in die gevangenis en dié in die gemeenskap

Die publiek is geneig om te sê dat swart mense die meeste misdaad pleeg aangesien die meeste gevangenes in aanhouding swart is. Om egter te kan sê dat swart mense die meeste misdaad pleeg, sal die persentasie van swartes in die gevangenis teenoor die totale gevangenisbevolking eers vergelyk moet word met die persentasie swart mense in Suid-Afrika teenoor die totale bevolkingstotaal. Nadat hierdie vergelyking gedoen is, sal daar bepaal kan word watter bevolkingsgroep die meeste misdaad pleeg (in verhouding tot daardie bevolkingsgroep in die gemeenskap). In tabel 19 word bogenoemde vergelykings aangetoon.

| Bevolkingsgroep | % in die Gevangenis | % in die Gemeenskap |
|---|---|---|
| Swart | 79,06 | 79,00 |
| Bruin | 18,50 | 8,90 |
| Indiër | 0,43 | 2,50 |
| Wit | 2,01 | 9,60 |

TABEL 19: Verhouding tussen bevolkingsgroepe in die gevangenis en dié in die gemeenskap.

Alhoewel die meeste gevangenes in aanhouding swart mense is, is dit duidelik dat die kleurlinge, in verhouding tot hulle bevolkingsgroep, die meeste in aanhouding is (Statistiek getoon in tabel 19 is verkry vanaf Statistiek SA en die kantoor van die Inspekterende Regter).

Om terug te kom na oorbevolking in gevangenisse – die bevolking groei stadiger as die gevangenisbevolking en daarom moet oorsake en remedies buite die bevolkingsaanwas gesoek word daarvoor. Die groei van die bevolking het wel ’n

uitwerking op gevangenistotale, maar misdaadvoorkoming en alternatiewe vir gevangesetting bly van die belangrikste aspekte vir die oplossing van oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse.